## 20 Maart - EENSGESINDHEID

**Skrifgedeelte: Filippense 2:1-11**
**Fokusgedeelte: Filippense 2:2**

Die brief aan die Filippense word Paulus se blydskapsbrief genoem. Wat merkwaardig is, is dat Paulus uit die tronk oor blydskap skryf. Sy blydskap het dus 'n ander oorsprong as die dinge waarin blydskap normaalweg gesoek word.

'n Mens soek blydskap en vreugde dikwels in dinge soos baie geld, weelde, gerief, eer en groot prestasies. Daardie blydskap is egter van korte duur en gou vergeet die wêreld van jou en van al jou prestasies.

Deur Paulus wys die Here ons op dié dinge wat innerlik ware blydskap bring. In hierdie brief skryf hy op 16 plekke daaroor.

In ons fokusvers sê Paulus dat sy blydskap vokome gemaak sal word deur die eensgesindheid van die gelowiges. Daarmee lê hy 'n besondere verband tussen eensgesindheid en blydskap. Eensgesindheid beteken nie eendersheid nie, maar dat gelowiges dieselfde liefde sal hê en saam sal strewe na die eer van God.

Daarin het Christus ons voorgegaan en ons ook verlos deur Homself te verneder tot in die dood aan die kruis. Die resultaat daarvan is ewige vreugde en ware blydskap vir hulle wat God liefhet. Hy gee ook vir hulle deur sy Gees die krag om die dinge soos selfsug en eersug, wat hulle eensgesindheid en daarmee hulle blydskap belemmer, te oorwin en in nederigheid die ander hoër te ag as hulleself.

God se kinders word ook daaraan geken dat hulle nie net aan hulle eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. Ja, dat dieselfde gesindheid in hulle is as wat daar in Christus Jesus was.

Dit is dan ook ons opdrag om daardie gesindheid in ons huwelike en in ons gesinne, in die kerk en in die samelewing na te streef. Die resultaat daarvan sal wees dat ons al hoe meer in liefde eensgesind sal wees en al hoe meer blydskap sal beleef.

*Sing: Psalm 2:6* *Ds JB du Plessis (Grootfontein/Tsumeb)*